

Skriflesing: Lukas 7: 11- 17

Teks: Lukas 7: 14 – 15

Sing: VOORAF SANG – Ps. 71:1,12

TYDENS EREDIENS – Ps. 128:1,3; Sb. 9-1 (26): 1,10,11; Ps. 128:4; Ps. 71:4,11; Ps. 23:2

Lukas 7: 11- 18

Luk 7:11 Kort daarna het Jesus na 'n dorp met die naam Nain gegaan,

Luk 7:12 en sy dissipels en 'n hele menigte mense is saam met Hom. Toe Hy naby die ingang van die dorp kom, word daar juis 'n dooie uitgedra om begrawe te word. Hy was die enigste seun van sy ma, en sy was 'n weduwee. Byna die hele dorp se mense was saam met haar.

Luk 7:13 Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: "Moenie huil nie!"

Luk 7:14 Hy gaan toe nader en vat aan die baar. Die draers gaan staan toe, en Hy sê: "Jongman, Ek sê vir jou, staan op!"

Luk 7:15 Die dooie het regop gaan sit en begin praat. En Jesus het hom aan sy ma teruggegee.

Luk 7:16 Almal is met ontsag vervul en het God geprys deur te sê: "'n Groot profeet het onder ons opgestaan," en "God het na sy volk omgesien."

Luk 7:17 Die berig oor wat Hy gedoen het, het deur die hele Joodse land en die omliggende gebied versprei.

Skriflesing: Lukas 7: 11- 17

Teks: Lukas 7: 14 – 15

Sing: VOORAF SANG – Ps. 71:1,12

TYDENS EREDIENS – Ps. 128:1,3; Sb. 9-1 (26): 1,10,11; Ps. 128:4; Ps. 71:4,11; Ps. 23:2

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in 'n klein dorpie, bekend as Nain, teen die helling van die Taborberg, vind van die grootste ontmoetings plaas wat daar kan wees. Nain is so 8 km suid-oos van Nasaret, die dorp waarin Jesus as kind opgegroeï het. Ons gelese gedeelte is Jesus op pad na Nain, terwyl Hy en sy dissipels seker nog so 2 dae tevore in Kapernaum was. Nain is meer as 50km van Kapernaum af. Om hierdie afstand met die voet te moes loop kan ons aanvaar Jesus en sy dissipels is beslis nie uitgerus as hulle daar naby Nain gekom het nie. Boonop lees ons dat saam met Jesus en sy dissipels was 'n hele menigte mense saam met hom.

As hulle naby Nain kom, ja die woord Nain beteken letterlik vertaal "aangenaam", maar dit wat daar gebeur het, was nie aangenaam nie. Ons lees op die stadium wat Jesus hulle die dorpie wou ingaan, by die stadspoort vind hierdie ontmoeting plaas wat ons kan beskou as van die grootste ontmoetings wat daar kan wees. Die ontmoeting tussen die lewe en dood want toe Jesus hulle daar aankom toe was daar op daardie oomblikke 'n begrafnisstoet. Die een wat gesterf was die seun van 'n weduwee. Die vrou wat al haar man ook deur die dood verloor het, is al weer op pad om nou haar seun te begrawe. Die bittere hartseer van 'n ouer wat sy/haar kind moet begrawe was hierdie weduwee ook nie gespaar nie. Waarskynlik was die jong seun nou ook die broodwinner in die huis gewees. Uit die Grieks wil dit ook lyk hierdie 'n baie droewige sterfgeval was. Die Here ken die seer, die diepe hartseer wat daar nie eers 'n naam is vir die tipe ouer wat sy/haar kind al moes begrawe nie. Dit wat in vers 13 staan sê ook al iets van hierdie

tipe hartseer - 13 Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê:
 “Moenie huil nie!”

Kom u agter aan Jesus se optrede is daar ’n bepaalde volgorde waarop Jesus sake hanteer. ’n Volgorde wat by vandag se doop ook tot ons sal moet spreek. Jesus werk nie eerste met die dood self nie, al weet Hy die ma se diepe hartseer is juis as gevolg van haar kind se dood. Dit wat die Here eerste mee werk is die gevolge van die dood. Dit wat werklik die ma hartseer gemaak het. Hy kry die ma innig jammer. Die woord vir innig jammer wees is die woord *σπλαγχνίζομαι* ’n woord wat in die Grieks altyd in die meervoud staan. Daardie werklike diepe gevoel en jammerte wat God vir sy kinders het staan altyd in die meervoud! Liefde, God se liefde lê diep hierin gesetel. Ons kan dit noem ’n liefde in meervoud! Daarom dat Jesus hierdie vrou innig jammer kry en ook vir haar sê – *Moenie ween nie... moenie huil nie.*

As Jesus dit vir haar sê dan bedoel Hy beslis nie dat sy onnodig huil nie, dat sy nou maar net moet ophou huil nie. Jesus kan dit sê omdat Hy juis diep bewus is van die seer waardeur hierdie mens gaan. Jesus weet altyd waardeur sy kinders gaan. Hy sal nooit maar somer ongevoelig vir iemand sê om nou maar net op te hou huil nie. Nooit nie, maar agter hierdie opdrag van Jesus sal ons die mag van sy teenwoordigheid, sy nabyheid moet besef. Waar Jesus is en waar Hy optree, ook by vandag se doop, gebeur magtige en groot dinge wat ons nooit mag onderskat nie!

Ook vandag hier. Hier is van ons broeders en susters wat in die dae weer deur diepe hartseer gaan. Vir baie mag dit voel soos ’n hartseer wat net nooit weer sal ophou nie. Ons mag weet Jesus is nie ver van ons nie. Wie Hom aanroep in die nood, vind sy guns, sy hulp, sy bystand oneindig groot! Selfs in die tye ongevraagd, , Hy is daar waar moeite en sorg en nood is. Boonop doen Jesus in sy vasloop teen hierdie ma wat haar kind wil begrawe ’n baie ongewone ding, ja iets wat die Jode as baie onrein beskou het. Hy raak die draagbaar aan! Die Wet van Moses sê mos baie duidelik dat die rabbi’s en die Joodse leraars dit nie mag doen nie. Wie aan ’n dooie of net aan die draagbaar raak word onrein. Ons besef bloot deur hierdie aanraking neem Jesus die dood se onreinheid op Hom.

Dan gebeur daar nog groter dinge, nog magtiger dinge wat vanuit die dood, maar veel eerder nog, vanuit vandag se doop tot ons spreek. Die volgorde van gebeure is weereens belangrik wat ons geen deeltjie van mag mis nie ... Nadat Jesus die baar aangeraak het lees ons- *Daarop staan die draers stil. En Hy sê: Jongman, Ek sê vir jou, staan op! 15 En die dooie het regop gaan sit en begin praat; en Hy het hom aan sy moeder teruggegee.*

In hierdie vasloop van die lewe teen die dood, ja sal baie dit dalk 'n vreemde ontmoeting noem, maar in werklikheid as die draers skielik tot stilstand kom dan hoor hulle die Koning van die konings 'n magswoord spreek - *Jongman, Ek sê vir jou, staan op!* Skielik is daar beweging op die draagbaar. Die dooie gaan regop sit en praat. Aangrypend Lukas is 'n mediese dokter wat hierdie gebeure beskryf. In die Grieks is die woord vir regop sit, die woord ἀνακαθίζω. Juis is die woord soos dit hier staan 'n mediese term wat beteken die man is weer gesond. Hy is sterker, hy is baie meer vol lewe as voorheen, ja hy lewe weer voluit.

Broeder en suster, maar nie alleen die voller lewe het tot die jongman teruggekeer nie, dit gaan nie net oor Jesus se mag oor die dood nie! Dit gaan oor veel meer, dit gaan juis ook oor die doop wat vandag ook weer hier bedien is. Dit gaan ook oor hoe ons na die mensdom moet kyk. Rofweg deel God se Woord die wêreld in twee groepe, ja ook met twee metafore. Die skape en die bokke is hoe God na die wêreld verwys. So lees ons in Matt. 25:32-34 ... *32 Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. 33 Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan. 34 "Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit ...*

Verlede Sondag in ons reeks rondom die 7 gemeentes in Openbaring was dit by die kerk van Thiatire ook die geval, dié twee vroue in daardie kerk. Isebel is by name genoem, sy wat sou inpas by hulle wat Jesus die bokke in sy koninkryk noem, hulle is daar maar hulle is nie werklik deel van sy kerk en koninkryk nie. 'n Gevaarlike vrou wat dwaling en misleiding en afval in die Kerk verteenwoordig en teweegbring. Isebel verteenwoordig as't ware die bokke maar het ons verlede Sondag ook gehoor van 'n ander vrou in die kerk van Thiatire nl. Lidia die

purperverkoopster. Sy verteenwoordig hulle wat werklik aan God behoort. Sy het haar hart en huis vir die evangelie oopgemaak. Sy wat die woord van God daar op 'n rivierwal in Filippi nie alleen vir die eerste keer gehoor het nie, maar het sy werklik daarna geluister. God maak haar die eerste ware Christus-gelowige in die soldatestad Filippi. Wonderlik om met haar geassosieer te mag word, wonderlik om vandag die doop met haar ook in verband te bring.

Sy is die bevestiging van God se koningsmag, maar ons besef die koningsmag is vandag ook oor hierdie gedoopte kindjie uitgeroep. Soos die jongman sy eerste lewe van sy moeder ontvang het, hy is haar kind, maar hy het gesterwe. Jesus het hom wel uit die dood opgewek. Hy het nou die lewe van Jesus ontvang. Maar dan gebeur daar iets so merkwaardig en aangrypend- ons lees ... *Jesus het hom aan sy ma teruggegee.* Dis iets met groot betekenis.

Dit het alles met die doop te make. Deur die water van die doop en die bloed van die dood van Jesus Christus word 'n kind by die doop in die koninkryk van God opgeneem. Ons kan praat van 'n heerskappy-verandering wat hier plaasgevind het. Die woorde in die doopsformulier onderstreep hierdie magtige gebeurtenis. Die kind wat gedoop is, ook Illé is in sonde ontvang en gebore en is daarom aan allerhande ellende, ja selfs aan die verdoemenis onderwerp, wat beteken ons kinders word onder die toorn van God gebore. Is verskriklik om dit te besef. Uit onself is ons kinders vasgevang in die buitenste duisternis en is die kind onder die heerskappy van die dood.

Dan gebeur die omvangryke wat vandag ook die gebeurtenis voor oë was. Hier vind deur die doop 'n heerskappy-verandering plaas. Jesus neem die kind en sê: *Jy is Myne* ... Deur die water van die doop en die bloed van die dood van Christus mag die kind in die koninkryk van God opgeneem word. Paulus het in Romeine 4 vers 11 ook al iets van hierdie magtige gebeure met die besnydenis van die kindertjies in die Ou Testament wou beklemtoon waar ons dit onomwonde stel dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Dan noem Paulus die besnydenis die seël van die geregtigheid van die geloof. Hierdie geregtigheid is presies dieselfde geregtigheid wat hy in Romeine 3:21-31 na verwys wat ons die geregtigheid van Christus noem. Daarom is die doop aan kindertjies alreeds so nodig, ja die doop aan gelowige ouers se kinders want die ouers moet waarlik glo anders mag die kinders nie gedoop word nie. Dan besef ons die

doop is nie verseëling van die geloof nie, want dan mag ons nie iemand doop wat nog nie glo nie, dan sou die doop aan klein kindertjies verkeerd wees. Tog bely ons dit is nie die geloof wat verseël word nie, want die ouers glo alreeds maar dit is die geregtigheid wat verseël word wat in alle geval net in die geloof ontvang kan word.

Dit beteken nie dat die kindjie wat gedoop word noodwendig nou alreeds wedergebore is nie of dat die kind reeds 'n gelowige hart ontvang het nie. Nêrens staan dit ook in die doopsformulier nie, maar ons bely wel dat die kind deur God in sy kerk ingelyf mag word. Die kind word só in die ryk van Christus opgeneem want is die kind gedoop in die Naam van die Drie-Enige God. Daar is die Vader in die hemel wat wil sorg dat julle as ouers julle doopbelofte sal uitvoer. Daar is Jesus Christus, die Seun van God, wat die kind se sondes ook wil versoen, sodat die kind vir Jesus, die Koning van die lewe gaan volg.

Wat met hierdie kind uit die dood opgewek in die klein dorpie Nain gebeur het staan op geen manier los van die gebeure hier vandag in Postmasburg nie! Jesus het die seun aan sy ma terug gegee. By die doop gee God die kind aan sy ouers terug nadat God deur die doop 'n heerskappy-verandering in die kind se lewe beloof het. Nou gee God vir Illé aan julle terug en het julle belowe dat hierdie kindjie ooreenkomstig ons leer en lewe opgevoed sal word. Julle sal julle kind van die Here wil leer om ook die Here reg te dien. Julle as gelowige ouers aanvaar dat ons kinders 'n geskenk van God is. Ons moet as gelowige ouers ook aanvaar dat die Here by die doop ons kinders gevat het en dan gee Hy wat die Here is die kind weer aan sy ouers terug met die opdrag julle moet My kind voed en opvoed. Dit lê die gedagte net nog vaster, kinders is nooit ons eiendom nie. As my kind sou sterwe en in hierdie lewe nie weer na my sal kan terugkom nie, dan het die Here in alle geval net ná Hom geneem wat nog altyd net aan Hom behoort het. Daarom is dit dwarsdeur ons kinders se lewe, op skool en aan huis en waar ons ook al met ons kinders op pad is om hulle te leer om die Koning van die lewe te gehoorsaam en te volg.

Dit wat ook nooit van God se Wet losgemaak kan word nie. Dit sluit weer so nou aan by die woorde in Deut. 6- 6-9: *6 “Hierdie gebooië wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7 Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy*

op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. 8 Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. 9 Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.

Dit wat mag voel dit staan oordrewe of kom ons sê dit staan in die oortreffende trap dat God se gebooiie nooit van ons kinders se opvoeding losgemaak kan word nie. Weet u aan die ander kant hoekom lyk ons land soos dit lyk, hoekom word ons deur 'n jeug in die gesig gekyk wat die politiek donker laat lyk, omdat die meeste met God se gebooiie geen saak meer het nie. Hulle het hierdie heerskappy-verandering op geen manier in hulle lewe kon ontvang nie, daarom is hier baie meer bokke as skape in hierdie land. Die verdoemenis en die buitenste duisternis is met verskillende skakerings te sien en te hoor. In die meeste se lewe het die heerskappy-verandering wat God beloof nie gerealiseer nie. Mense weggegooi in die buitenste duisternis is nie waar ons en ons kinders wil op eindig nie.

Daarom is die doop so 'n wonderlike voorreg maar ook so 'n dure verantwoordelikheid. Al stap ons ook so dikwels die stoet van die dood tegeroet, soos Jesus op daardie dag, weet ons al mag die dood so ontsaglik magtig lyk en dit kom voor niemand kan die mag van die dood breek nie. Die dood het sy stoet gehad, die lewe het op daardie dag sy stoet gehad. In watter stoet is jy op hierdie oomblik met jou lewe aan die beweeg?! Daar waar die dood, ja die ewige dood, die verskriklikste van dood, baie erger as die liggaamlike dood die laaste woord gaan spreek, of sal die lewe die laaste woord in jou lewe spreek. Hy wat in die geestelike sin ook vir jou en my kan sê – staan op uit die dood waarin jou lewe dalk tans in mag wees en weet die Koning van die lewe het reeds jou wou opwek toe jy nog nie eers gebore was nie. Toe jy in God se Naam gedoopt is, het God daardie belofte aan jou wou bevestig. God het dit ook vandag weer aan Illé bevestig.

Mag ons die Koning van die lewe wil volg want die koning van die dood het sy eie volgelinge. Die ernstige vraag sal ons lewe lank ons moet bybly- Volg ek die vors van die dood of volg ek waarlik die Koning van die lewe. Is ons net besig met die dinge van elke dag waarop die stempel van die dood reeds afgedruk is of het ons as volgelinge van Christus Hom as die Vors van ons lewe reeds geleer om Hom te volg. As die vors van die dood nog jou koning is, draai weg agter

die koning van die dood en volg die Lewensvors. Ons besef Christus het die dood in al sy vorme reeds oorwin en daarom mag ons in sy oorwinning deel.

Al was daar dalk al baie dood in my lewe, die liggaamlike dood is 'n werklikheid en kom so baie voor, maar ek gaan hierdie dood ook tegemoet met die Lewensvors. Dit wat Paulus in 1 Kor. 15 direk met die dood laat praat het want hy kon praat uit die woorde en beloftes van die Lewensvors- 1 Kor. 15:55- 55 *“Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou engel?”* 56 *Die engel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God.* 57 *Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.* Of soos dit in die ouer vertaling staan: 55 *Dood, waar is jou engel? Dooderyk, waar is jou oorwinning?* 56 *Die engel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet.* 57 *Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.* 58 *Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.*

Watter voorreg om dit vandag ook oor die lewe van die kindjie te mag hoor, te mag uitroep, te mag glo, dat sy ook in lewe en in sterwe God se eiendom vir altyd sal wees. As ons in Christus begrepe is, sal ons saam met Hom oorwinnaars wees. Soos Christus die weduwee kon troos, só wil Hy ons ook troos met sy troosvolle evangelie, soos wat Christus die jongman met sy heilige hand kon aanraak en tot die lewe geroep het, so het Hy ons ook nou met sy Woord wou aanraak en so maak Hy ons deur sy Woord en Gees dat ons en ons kinders gehoorsame volgelinge van die Koning van die lewe kan wees.

AMEN